Kerskamp
Van Zyl's Rus
25,26
Nov.2011

Deel 1

Vrydagoggend het die naweek begin met die Bestuur wat begin werkskaf het om die "lapa" te versier en die "KosTent" op te slaan en ook te versier.






.

Die lede wat wou, kon kersliggies saambring en hulle karavane daarmee versier het.

Daar was 'n prysie op die spel hiervoor en die wenners was……………………………….

DRIES EN HESTER THEART!!!!

Baie geluk julle, geniet dit om daardie bottel Sjampanje uit julle 2 nuwe Sjampanje glase uit te drink.

Kyk hoe feestelik lyk dit!









Die twee fotos hierbo is van dieselfde karavaan (Alex en Benita Stramrood), die foto links is met die "flash" geneem en die foto regs sonder die "flash". Kyk net die verskil.

**Die Wen Karavaan**



**Dries en Hester Theart ontvang hulle prys.**






Robyn-Leigh van Eyk het die Vrydagaand (met behulp van 'n vriendin) vir ons die Boekevat gedoen. Welgedaan Robyn-Leigh!




Kyk hoe aandagtig luister van ons lede na Robyn-Leigh.




Op die voorgrond (aan die regterkant) sit ons eie "DJ", Martin "The Magnificent" Coetzee!!!!! Dankie vir die musiek maak, Martin, dit was tog te lekker.

Na afloop van boekevat het ons vuur gemaak en lekker saam onder die lapa gekuier.



**Kerskamp**
**Van Zyl's Rus**
**25,26**
**Nov.2011**

Deel 2

**Saterdagoggend het Leani Coetzee ons Boekevat gedoen. Sy het 'n Pragtige boodskap oorgedra vanuit Lukas 2:8-20. Dit handel oor die Engele wat aan die herders wat in die veld gebly het, verskyn het om hulle die goeie nuus te vertel van Jesus se geboorte. Die Herders was maar eenvoudige mense sonder enige rykdom of status en tog het God dit goedgedink om eerste aan hulle die goeie tyding te bring. Kom ons dink in hierdie tyd aan die wat minder as ons het met net soveel liefde as wat God daardie herders geag het die nag toe Jesus gebore is. Baie dankie Leani vir hierdie lieflike boodskap. Jy het jou uitstekend van jou taak gekwyt!**





Na Boekevat het die Jeug elkeen 'n Albatros-sak en kershoedjie (gevul met allerlei lekkergoed) ontvang. Daarna het Morné en Leani hulle Spur toe gevat vir 'n Ontbyt...HEERLIK. Hoe het ek gewens ek was ook 'n "kinders" ☺.

Die "Groot"mense was baie beindruk met die Jeug se "Albatros-Jeug" sakke en het ge-ooohhh en ge-aaaahhhh.

## EN TOE.......UITEINDELIK, SATERDAG 17:00!!!!!!

Welkom drankies is aan al die lede gegee en toe kon die feestelikhede begin.........














**Die tafels het gekreun onder al die lekker eetgoed!! 'n Enorme Dankie aan Almal wat so hard gewerk en lekker geëet het!!!!!!!**

Almal staan in groepies en Roerbraai hulle kos. Tog te lekker!!!!







Tannie Tossie Roux



André v.d. Westhuizen

En toe begin die lekker gedeelte.....ONS EET!!!!!!!!



Marieta en Schalk Bosman



André en Rian Potgieter met René Rabe in die agtergrond.

*Kerskamp*
*Van Zyl's Rus*
***25,26***
***Nov.2011***

Deel 3



**Kampleiers vir die naweek:**
**Robert en Johlene van Eyk**



**Gatplaatjie: Joanne Toerien (Sy het die vorige kamp sonder brandstof gaan staan)**




**Albatros Jeug het onder leiding van Leani en Morné hierdie vlag geverf vir die klub. Pragtig!!!**



**Anita Hendriks het Sondag (27 Nov.) verjaar. Hier wens Martin haar geluk!**




Esmé Coetzee het weereens wonderlike Hi-Tec pryse geborg. Die pryse is uitgeloot. Hier was Robert die gelukkige wenner van sommer 2 pryse!!!!!! Dankie Esmé en Hi-Tec.



Oom Martin en Tannie Petro Mostert.

Die "Groot"mense het toe ook Albatros sakke ontvang!!!! Oooeee hulle was tog te bly. Hier is die sakke van naderby.







En wie moet ons bedank?????



Florence Snyman!!! Florence het haar vingers stomp gewerk om al die sakke klaar te kry vir die Kerskamp. Sy het voor dit nog tafeldoeke ook moes maak vir Leani se 21ste Verjaarsdag. Baie, baie dankie Florence, jy is 'n regte staatmaker!!

## DITJIES EN DATJIES



Hester Theart en Marieta Bosman



Robert, Gerty en Marius



Van die manne en Marieta



Oom Tienie verduidelik vreeslik terwyl Tannie Tossie en Tannie Doreen gesels.



Nog van die manne



Tosca, een van die eienaar se honde.

**Ons het almal die naweek terdeë geniet en mekaar 'n bietjie beter leer ken.**

**Dankie aan almal vir die positiewe terugvoer oor die heerlike naweek. Tot volgende keer!**

**Janita Larcher**